

BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

B.J. LIEBENBERG, *Andries Pretorius in Natal*. Academica, Pretoria en Johannesburg, 1977, 396 pp. R17,50.

Bogenoemde doktorsale proefskrif kan as 'n belangrike toevoeging tot ons historiese literatuur beskou word. Die onderwerp is belangrik; dit belig 'n belangrike periode; dit behandel 'n belangrike fase uit die lewe van 'n belangrike figuur. Maar veral die wyse waarop die historiese stof verwerk is, dra by tot die betekenis van die werk. Dit het 'n gesonde wetenskaplike basis, soos van 'n proefskrif verwag kan word. Die navorsing is, vir sover ek kan oordeel, nagenoeg volledig in die sin dat seker alle moontlike bronne geraadpleeg en volgens die eise van die historiese ondersoek ontleed is. Ek glo stellig dat dit 'n aantal nuwe feite en gesigspunte na vore bring. Vir my persoonlik bring dit meer orde en perspektief in my voorstelling van Pretorius en van die gebeurtenisse wat in dié jare in Natal afspeel.

Die skrywer kan ook gelukkig word met sy vormgewing. Hy gebruik 'n eenvoudige, helder taal. Sy beskrywing is samehangend, duidelik, gelykmatig. Die gevolg is 'n werk wat besonder leesbaar is. Hy strewes objektiwiteit na met die kennelike opset dat niks, gunstig of ongunstig, verswyg mag word nie. Teenstrydige gegewens word teen mekaar opgeweeg en sonder aarseling word gevolgtrekkings gemaak. Deur 'n onbevangende beredenering glo die skrywer klaarblyklik dat hy in die meeste gevalle tot die werklike feite deurgedring het.

Die boek gaan oor tien jaar uit die lewe van Andries Pretorius, die Natalse periode, 1838 tot 1848. Voor 1838 was daar die eerste veertig jaar wat hy in die Kaapkolonie deurgebring het; na 1848 die Transvaalse periode, slegs vyf jaar, tot sy dood in 1853. Die skrywer meen dat die lewe van Andries Pretorius soveel wetenskaplike waarde bevat dat daar 'n driedelige werk oor geskryf kan word, een deel oor elkeen van bogenoemde periodes. En hy het dan die selfopgelegde taak aangepak deur in feite met die tweede deel te begin. Dit is natuurlik enigszins ongewoon. Dit is soos 'n skilder wat die middelluik van 'n triptiek skilder voordat die syluik in sy verbeelding behoorlik vorm aangeneem het.

Tog is die skrywer van oordeel dat die betrokke tien jaar so 'n eenheid vorm dat dit 'n selfstandige studie regverdig. Dit is natuurlik waar wat die uiterlike feite betref. Maar indien dieper gesoek word na die karakter en persoonlikheid van 'n figuur, dan moet tog sy hele lewe in aanmerking geneem word. Dus glo ek dat ons 'n beter beeld van Pretorius, ook wat hierdie lewensfase betref, sou gekry het as sy vroeër en later lewe meer in die gegewe betrek kon gewees het. Miskien is dit ook aan hierdie aspek te wyte, nl. dat dit slegs 'n brokstuk uit die lewe van 'n persoon behandel, dat die boek 'n enigszins kroniekagtige karakter dra.

Ons volg Pretorius op sy verskillende veldtogte: die Wenkommando (die oplossing wat Liebenberg gee insake die geskil oor waar die Gelofte afgelê is, lyk baie aanneemlik), die Beeskommando, die veldtog teen Ncaphaye, die veldtog teen die Britse besetter van Port Natal. Alles word veral met in agneming van die chronologie en die geografie vertel, wat bydra tot die duidelike en interessante, maar wat tog neig na 'n kroniekagtige beskrywing van hoofsaaklik uiterlike gebeure. Tussen die veldtogte deur kry ons dan enkele hoofstukke wat Pretorius se bydrae tot die vormgewing van die Natalse Republiek sowel as sy meer persoonlike doen en late behandel.

Met dit alles neem die persoon van Pretorius vir die skrywer duideliker vorm aan sodat hy hom aan die einde as volg opsom: " 'n man wat oor veel energie en groot dryfkrag beskik het", " 'n man met merkwaardige organisasievermoë", " 'n aanvoerder wie se sukses "in 'n hoë mate aan sy versigtigheid in gevaarlike situasies toegeskrywe kan word", " 'n man wat in staat was om sy woord te doen", " 'n goeie spreker dus, " 'n godsdienstige persoon met sober gewoontes", " iemand "wat uit sy pad gegaan het om sy volksgenote te help". Maar daarteen toe ook " 'n man "wat nie die nederigheid van 'n werklike groot persoonlikheid gehad het nie", " 'n selfversekerde trotse en hooghartige man ... wat met groot verontwaardigheid kon reageer as hy rede gehad het om te glo dat hy verontreg word". Sy finale indruk van Pretorius is: "die van 'n dominerende persoonlikheid met groot dryfkrag ... bereid om verantwoordelikheid te aanvaar", wat "homself nie gespaar (het nie) wanneer die belange van sy volk op die spel is" (pp. 297-299).

Die skrywer het die volste reg om tot dié slotsom te kom en dit is 'n allesins aanneemlike beeld van Pretorius. Maar die historiese stof is nou eenmaal so gevarieerd dat ek my goed kan voorstel dat 'n ander skrywer, met gebruikmaking van dieselfde dokumente 'n ander portret van Pretorius sal kan skilder. Miskien is die skrywer net te seker dat sy interpretasie die juiste is en dat daar geen ander moontlik is nie. Niemand, en ook geen geskiedskrywer, weet wat daar in die verlede gebeur het nie. Ons sal dit nooit weet nie. Elke historiese werk is maar 'n poging om die verlede te benader. Dit pas 'n geskiedskrywer om steeds rekening te hou met ander moontlike benaderings.

Liebenberg gee ons dikwels 'n insae in sy werkwyse en beredenering, wat veel bydra tot die interessante en aanvaarbare van die boek. Tog vind ek dat sy vraagstelling nie ver genoeg gaan nie. Dit is meestal gerig op uiterlike aangeleenthede, beperk tot die grypbare en bewysbare. Waarom nie ook 'n vraagstelling teenoor wat nie in die bronne voorkom nie? Die lewe van elke mens, ook die van Pretorius, is immers so veelsydig dat daar nou eenmaal aspekte is waaroor daar geen bronne kan bestaan nie. Ek sou graag gesien het dat daar meer vrae gestel is ten opsigte van die innerlike van die figuur en moontlike verborge motiewe vir sy dade, al is daarop ook geen antwoorde moontlik nie. Dus, deur bloot die vrae te stel en die moontlikhede teenoor mekaar op te weeg, sou dit al meer perspektief aan sy werk gegee het, sou dit die biografie meer sensitief en meer subtiel gemaak het.

Ook in hierdie werk moes die skrywer tot die besef gekom het, en miskien het hy ook, dat sy beskrywing van die lewe van Pretorius en die samelewing waarin hy beweeg het, noodwendig onvolledig moes wees - want sy bronne is onvolledig. So kom daar by die lees van die boek die beeld op van 'n armsalige en troostelose samelewing. Hulle belewe een ramp op die ander. Selfs die oorwinnings loop uit op 'n ongelukkige gekibbel oor verdeling van die buit. Origens skyn hulle hoofsaaklik geïnteresseerd te wees in die erwe en plase wat hulle toegewys word, in bediendes en in skadevergoeding. 'n Mens vra jou af by die lees van een bladsy na die ander van groue ellende of hulle dan nooit gelag, geskerts, gesing of gedans het nie. So was dit tog nie, want die lewe is nie so nie. Behalwe vir 'n bietjie dronkenskap tydens die Beeskommando en twee danspartye is daar nêrens 'n sweem van vrolikheid te bespeur nie. Die laaste was ook 'n meer plig-as-plezier "bal en soupée" wat Pretorius aan luitenant-goewerneur Martin West aangebied het. Hy en mevrou West het die baan geopen en 'n mens vra jou af wie van die twee die polka of wals of seties die minste geniet het.

Dit is ook die geval met die figuur van Pretorius self. Bladsye aanmekaar kry jy te doen met 'n persoon wat oënskynlik net in materiële sake geïnteresseerd is; plase en erwe wat verkry en gekoop en verkoop word, bediendes wat, hardhandig of hoe ook al, diensbaar gemaak moet word, struwelinge met die Volksraad of met sy medemens, hofsake een na die ander; kortom 'n mens kry die indruk van 'n onsimpatieke humorsinlose persoon. Tog weet ons dat dit nie 'n juiste beeld is nie en inderdaad het die skrywer in ander hoofstukke ook begrip vir die ander kant van Pretorius se karakter. Tog meen ek dat die skrywer 'n meer simpatieke beskrywing van hom kon gegee het. Dit is asof hy nie genoeg begrip het vir die tragiek van die lewe van hierdie man wat na soveel inspanning sy ideale moes sien opbrokkel nie. Ook nie vir die tragiek van hierdie klein Voortrekkergemeenskap wat die staatsgebou wat hulle probeer oprig het, na 'n paar jaar weer in duie moes sien stort nie.

Deur hom aan 'n strak verteltrant te hou, veronderstel die skrywer nogal heelwat agtergrondkennis by die leser. Daarteen is geen beswaar nie. Tog voel ek dat die agtergrond van die Smellekamp-episode meer aandag kon ontvang het. Ook die veranderende omstandighede wat sedert 1845 in die Transoranje ingetree het. Wanneer Pretorius in 1847 na Grahamstad reis om goewerneur Pottinger te spreek, dan woon hy onderweg 'n vergadering in Winburg by, waar skielik die figuur van Willem Jacobsz opduik en vir die eerste keer die naam Warden gehoor word, en daar word geen verduideliking van die situasie in verband met die twee persone gegee nie. Daarteenoor word die Kliprivier-episode uitvoerig verduidelik hoewel dit ook maar slegs sydelings betrekking op die lewe van Pretorius het. Waarskynlik is dit te verklaar uit die feit dat Kliprivier in Natal geleë is en die Transoranje oorkant die berg, waar dit beter in die derde lewensfase van Pretorius ingebring kan word.

Afgesien van bostaande kritiek herhaal ek ten slotte graag dat na my oordeel ons hier met 'n boek van formaat te doen het.

F.J. DU T. SPIES

O. GEYSER (red), *B.J. Vorster — Select Speeches*. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein, 1977, 363 pp, R12,00.

Hierdie bundel bevat 'n keur van 29 uit die talryke toesprake, onderhoude en boodskappe wat die huidige Suid-Afrikaanse premier tussen die jare 1962 en 1976 gelewer het. As sodanig is dit 'n opvolging van 'n soortgelyke werk in Afrikaans met die ellelange titel *Adv. B.J. Vorster - Geredigeerde Toesprake van die Sewende Eerste Minister van Suid-Afrika. I, 1953-1974*. Trouens, die eerste 19 toesprake in die nuwe werk is net so oorgeneem (in vertaalde vorm) uit Geysers se vorige werk. Klaarblyklik is die doel met hierdie werk om die buiteland 'n venster op die Suid-Afrikaanse premier en sy beleidsrigtinge te bied.

Vooraf moet opgemerk word dat ons hier beslis nie met 'n nuuttjie in die Suid-Afrikaanse politieke historiografie te make het nie. Trouens, die publikasie van die openbare redes van Suid-Afrikaanse premiers reik terug tot 1940 toe E.B. Dawson en T.C. Robertson 'n keur uit genl. J.C. Smuts se openbare redevoerings saamgestel het onder die titel *Greater South Africa - Plans for a Better World*. Daarna het prof. A.N. Pelzer van die Universiteit van Pretoria in 1963 'n besonder volledige werk, *Verwoerd aan die*

Woord. gepubliseer wat die tydperk 1948-1962 uit die openbare lewe van wyle dr. Verwoerd bestryk. Ongelukkig is hierdie skitterende aanvoorwerk sedertdien nie afgerond nie. 'n Jaar later, in 1964, verskyn *Glo in U Volk - Dr. D.F. Malan as Redenaar, 1908-1954*, saamgestel deur S.W. Pienaar en J.J.J. Scholtz. Soos reeds genoem, het O. Geysers se eerste aflewering van adv. Vorster se geredigeerde toesprake in 1976 verskyn, terwyl 'n indrukwekkende sesdelige werk, waaraan die mees vooraanstaande huidige Afrikaanssprekende hoogleraars in geskiedenis in ons land onder toesig van die Akademie vir Wetenskap en Kuns meegewerk het, verlede jaar gepubliseer is. Al genl. J.B.M. Hertzog se toesprake is hierin opgeneem onder die titel *Die Hertzogtoesprake*.

Select Speeches bestryk die tydperk sedert 1962, m.a.w. min of meer sedert adv. Vorster tot volle kabinetsrang gevorder het. Daar is 'n inleiding van nagenoeg 40 bladsye. Wat die oogmerk hiermee was, bly onduidelik. Dis nóg biografies, nóg verhelderend ten opsigte van adv. Vorster se vermoë as redenaar of die vormende kragte wat van hom so 'n uitstaande staatsman gemaak het. Die inleiding is beperk tot adv. Vorster se termyn as minister en is verder verskraal tot sy deelname aan sekere politieke verwickelinge binne Suid-Afrika en die ontspanningsoffensief in Afrika.

Wat die inleiding wel doen, is om 'n vlekkelose beeld van adv. Vorster as politieke leier te gee met betrekking tot kwessies soos Suidwes-Afrika, Swart Afrika, détente, ens. Vandaar dat die inleiding 'n sterk subjektiewe inslag openbaar wat sekerlik ook 'n verleentheid vir adv. Vorster moet wees omdat hy die eerste sal wees wat sal erken dat hy nie altyd foutloos opgetree het nie. Selfs al sou 'n mens aanvaar dat die inleiding slegs die politieke verwickelinge sedert 1962 wil belig, bly die beeld onvolledig en eensydig. Belangrike gebeurtenisse in Suid-Afrika soos die uitbarsting in Soweto in 1976, die Suid-Afrikaanse inval in Angola en die Lusaka-manifes van 1969, wat amper ongemerk by Suid-Afrika verbygegaan het, word of geïgnoreer, of deur 'n eensydige Suid-Afrikaanse bril betrag en in die mooiste voue geplooi. Meer nog: Suid-Afrika se betrokkenheid in die Angolese debakel word by implikasie geregverdig sonder om enigiens die gevaarlike reperkussies daarvan te vermeld. Die inleiding bly dus in meer as een opsig onbeholpe en selfs amateuragtig. Die feit dat daar nie minder nie as 215 verwysings in die bestek van 40 bladsye voorkom, weerspieël ook die lappieskombers-karakter daarvan - die samesteller is selde aan die woord om perspektiewe te lê of vertolkings te gee en hy stapel die een na die ander gewee uit die pen van andere op. Dit skep onvermydelik die indruk dat die oomblik die redakteur oorweldig het.

Sover dit die opgenome toesprake betref, moet toegegee word dat dit sekerlik moeilik moet gewees het om 'n keuse, wat almal tevrede sal stel, te maak uit die letterlik honderde toesprake wat adv. Vorster reeds gelewer het. Die redakteur het hom blootgestel aan kritiek omdat hy nagelaat het om uit te spel volgens welke beginsels hy geselekteer het. Daar is wel saaklike inleidings wat as agtergrond vir elke toespraak moet dien, asook verhelderende verwysings, maar ook dit verhelp die situasie nie. Die publikasie sou bepaald aan wetenskaplikheid gewen het indien 'n volledige lys van ál adv. Vorster se toesprake vir die betrokke tydperk verstrek is en waaruit dan ook die keuse van toesprake en temas duidelik sou geword het. Ten opsigte van die verduidelikende inleidings tot elke toespraak is daar ook bedenkinge. 'n Treffende voorbeeld hiervan is adv. Vorster se toespraak van 16 Augustus 1968 te Heilbron wat vaagweg toegelig word as 'n antwoord op "disturbances in South African politics". Vir enige oningeligte, of hy nou hier ter plaatse of in die buiteland woon, het dit 'n dubbelsinnige inhoud. Meer nog: die so betekenisvolle toespraak van 23 Oktober 1974 in die Senaat bly ook in die lug hang weens gebrek aan heldere projektering teen die werklike agtergrond van die situasie in Suider-Afrika na die disintegrasie van die Portugese koloniale ryk.

'n Opvallende leemte in die bundel is verder die feit dat hier geen enkele toespraak verskyn waarin adv. Vorster by die aanvaarding van die premierskap 'n beleidsuiteensetting gee nie. Na die beste van my wete was daar twee sodanige geleenthede: te Oudtshoorn en tydens die Nasionale Party-kongres in Bloemfontein.

Soos dit met alle vertalings gaan, sluip foute en onbeholpenhede in waarteen elke skrywer moet waak. Die taalvermoë van die vertaler of die redakteur laat hom soms erg in die steek, bv. p. 24 (The minister stated unemphatically ...), p. 157 (naïveté), p. 256 (The call by President Houphouët-Boigny for dialogue with South Africa fell was ignored ...), p. 259 (with the predictable consequences ...) en p. 285 (it is imperrative ...) Zaïre word ook deurgaans soos in Afrikaans geskryf.

Ten spyte van bovermelde onbeholpenhede wat beslis die gehalte van die werk skaad, gee die werk 'n gebalanseerde beeld van die talryke temas wat adv. Vorster in sy redevoerings behandel het. As sodanig is dit 'n wye doek waarop hierdie sewende premier van Suid-Afrika sy vaardigheid met die gesproke woord projekteer. Vanselfsprekend sal daar altyd 'n groot verskil tussen die geskrewe en die gesproke woord wees. Dit is juis in die onderhawige boek die geval waar die trefkrag van adv. Vorster se toesprake in die geskrewe woord verlore gaan. Ook die talle kwinkslae en politieke houes na teenstanders in die toesprake kon meer afgewater gewees het deur die redakteur. Hierdie sinsnedes sal buitendien betekenisloos by vreemdelinge aan die Suid-Afrikaanse situasie verbygaan.

Alles in ag genome, is dit 'n werk wat kan bydra om beter begrip te bring vir die vraagstukke en

beleidsrigtinge van Suid-Afrika en die eerlike strewe van adv. Vorster om vrede in die Afrikaanse kontinent te vind. 'n Mens sou graag sien dat in opvolgende bande (veral dié wat vir oorsese lesers bedoel is) die inleiding en toeligting duideliker en objektiewer gestel moet word.

A.P.J. VAN RENSBURG
Universiteit van Pretoria

D. PICTON-SEYMOUR, *Victorian Buildings in South Africa*. A.A. Balkema, Cape Town, 1977, ca. 500 ill., xii+412 pp., R25,00.

Ons is alte geneig om die periode wat onmiddellik aan ons eie tyd voorafgaan, te beskou as ouderwets, ongerieflik en soos vergane glorie. Die belangrike geboue uit so 'n periode staan deurgaans in 'n omgewing wat inmiddels aan aansien ingeboet het. Veel van die bouwerke is verwaarloos, stowwerig en geneig om muf te ruik. Grondpryse styg en veel van die vroeëre argitektuur moet plek inruim vir moderne toringgeboue. Eers baie later, wanneer 'n periode werklik geskiedenis geword het en daar geen persoonlike bande meer bestaan met 'n later generasie nie, het afstand gekom en is ons beter in staat om die skoonheid van die geboue van die tyd en die rol wat hulle in die samelewing vervul het, op hul juiste waarde te skat. Ongelukkig het teen daardie tyd 'n groot aantal van die geboue reeds verdwyn en moet deurgaans genoeë geneem word met planne en afbeeldings. Ons vererg ons oor die kortsigtigheid van die vorige geslag wat al die skoonheid laat verdwyn het.

Dis die groot verdienste van die skryfster van hierdie boek dat sy weet hoe om deur die verwaarloosing en vervuiling heen te kyk en om die prag van geboue uit die Victoriaanse tyd, wat deur ons tog nog as betreklik onlangs beskou moet word, raak te sien en vir die leser te verduidelik. Die betrokke periode was grotendeels 'n oorgangstyd waarin krampagtig vasgeklou is aan ou bekende opvattinge en style, maar waarin tegelykertyd hard gesoek is na bevredigender oplossings van toenemende veranderende vereistes van die komende tegniese eeu. Die skryfster volstaan ook nie by net 'n oorsig en beskrywing van die geboue nie, maar het baie grondig ingegaan op die toenmalige oorwegings wat by die bou van huise, kerke, skole, amps- en handelsgeboue ter sprake gekom het. Sy het noukeurig nagegaan in hoever nuwe materiale, wat dikwels nog onbekend was, in die bou-industrie gebruik is. Eweneens is rekening gehou met die invloed van Europese style en die wyse waarop hulle in Suid-Afrika al of nie 'n plaaslike vorm aangeneem het. Sodoende beskik ons met hierdie boek vir die eerste keer oor 'n so volledig moontlike oorsig van wat belangriks daar in die latere 19de en begin 20ste eeu in Suid-Afrika gebou is en wat daarvan oorgebly het.

Vir handelsgeboue is veel gebruik gemaak van Renaissance-opvattinge, by ampsgeboue was Engelse invloed dikwels sterk. In die binnelandse republieke het daar 'n duidelike voorkeur vir die Vlaamse en Hollandse Gotiek en Renaissance bestaan. Woonhuise weerspieël meer die gemiddelde publiek se smaak, met variasie in versiering en verskillende style.

Dit was die tyd van donkerrooi pluche, teëls, marmor en mahoniehout. In 1829 het James Walker sinkplaat met gleuwe gemaak wat van 'n afstand af onsigbaar was. Teen die helfte van die eeu is hierdie materiaal algemeen in die Britse kolonies gebruik en dit het 'n geweldige invloed op die lewe en ekonomiese ontwikkeling uitgeoefen. In Engeland is talryke voorwerpe en versiersels van gietyster vervaardig en van die katalogusse van sulke firmas is ook in Suid-Afrika veelvuldig gebruik gemaak. Dis verbasingwekkend, en vandag soms ook lagwekkend, hoeveel gietystervoorwerpe daar was en vir watter uiteenlopende doeleindes dit gebruik is.

In 'n oorsig van die vroegste argitekture het die skryfster ruimskoots erkenning gegee aan die werk van Sophy Gray, vrou van die eerste Anglikaanse biskop aan die Kaap. Ander was o.a. Freeman en Greaves, albei betrokke by die Parlementsegebou in Kaapstad, wat in 1884 geopen is. Van 1870 af het heelwat Britse argitekture na die Kaap gekom, van wie party uitstekende werk gedoen het, terwyl ander ongetwyfeld swak was. Die bespreking van volgende generasies van argitekture lei weer tot die geboue wat deur hulle opgerig is, en waarvan 'n groot deel vandag verdwyn het. Dat Herbert Baker hier 'n ruim plek kry, is vanselfsprekend. En teen die einde van die eeu het ook die eerste argitekture wat in Suid-Afrika gebore is, op die voorgrond begin tree. Baker het veel ooreenkoms in benadering met Berlage getoon, in soverre dat albei by tye "magnificently impractical" kon wees.

Die toenemende voorspoed van die myne het veel boubedrywigheid meegebring. Die meeste geboue was egter nog uitsluitend in Europese styl en met besondere Suid-Afrikaanse vereistes is nog nouliks rekening gehou. Kaapstad het grotendeels sy tipiese karakter behou, hoewel vernuwings omstreeks 1876 begin het. Die bou van stoepe het bv. 'n prestigesaak geword wat dikwels tot nadeel van die ouer styl gestrek het.

In die algemeen het grensdorpe min of meer 'n militêre voorkoms gehad. Die meeste strate van stede was breed genoeg sodat 'n ossewa daarin kon draai, wat 'n sekere wydsheid in aanblik gebring het. Ook

verandering van die tydelike na permanentheid in Johannesburg val in die Victoriaanse periode, met die oprigting van die eerste ampsgeboue in die jong stad. Doornfontein was aanvanklik die luukse woonbuurt, daarna Parktown. Maar ook in Braamfontein en Jeppe is goed gebou. Mens vergeet die snelheid waarmee dit alles tot stand gekom het.

Daar was egter geen vaste reëlmaat nie: die suide van die land was nie oorwegend onder Engelse en die binneland onder Vlaamse en Hollandse invloed nie. Die stadsaal van Mowbray is byvoorbeeld in Vlaamse neo-Gotiek gebou (onder die afbeelding word na Renaissance verwys). Art Nouveau (Jugendstil) het groot invloed uitgeoefen. Ook in die binneland was uitstekende argitekte, veelal in diens van die departemente van openbare werke, en dit is nogal opvallend dat staatsgeboue in kleiner plekkies deurgaans van beskeier omvang en dikwels suksesvoller as die groter staatsgeboue was.

In haar uiteensetting van style, statige geboue en historiese agtergronde vergas die skryfster die leser op menige lagwekkende besonderheid, soos die toevoeging van 'n hoed aan die vryheidsbeeld op die ou Raadsaal in Pretoria.

Die boek is nie net 'n taamlik volledige oorsig van belangrike geboue binne 'n sekere tydperk nie, maar vestig ook die aandag op die skoonheid daarvan en is terselfdertyd 'n nadruklike betoog vir beter bewaring. Die illustrasies, met uitvoerige onderskrifte, pas by die teks; party is in wit en swart, soos in vroeëre boeke van die skryfster. Op sy gebied is dit 'n standaardwerk wat in geen biblioteek mag ontbreek nie.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

S. WELZ, *Cape Silver & Silversmiths, the work of silversmiths at the Cape of Good Hope from late 17th to mid 19th Century*. A.A. Balkema, Cape Town, 1976, xii+172 pp., illus., R25,00.

Algemene belangstelling in Kaapse silwer het betreklik laat begin. In teenstelling met ander kunsvorme in Suid-Afrika het silwer egter uit die staanspoor veral die aandag van deskundiges, soos kunshistorici of handelsfigure, getrek. 'n Paar baanbrekerwerke het die lig gesien, soos dié van M.N. Morrison, D. Heller en tydskrifartikels. Hoewel hierdie publikasies baie feite en inligting bevat, het dit nog aan 'n grondige en alomvattende kritiese studie ontbreek. 'n Eerste stap in die rigting is gedoen deur professor D. Bax, wat die Kaapse silwer van 1669 tot 1751 baie uitvoerig bespreek en gegewens te boek gestel het oor silwer in die besit van kerklike gemeentes en ander instansies wat in daardie jare reeds aan die Kaap bestaan het.

Welz sit hierdie werk voort. In die 18de eeu het nie alle silwersmede aan die Kaap uit Europa gekom nie, maar was daar reeds 'n hele aantal wat hier gebore en opgelei is. Oor daardie opleiding is min bekend, maar blykbaar was die leertyd korter as elders. Dikwels was die gehalte van hul werk ook laer as dié van Europese smede wat in die Kaap gewerk het. Opleiding was egter nie die enigste oorsaak nie. Die feit dat die plaaslike silwersmede baie geïsoleer was en nie met die Europese vordering kon tred hou nie, terwyl die omstandighede waaronder hulle moes werk aansienlik van dié in Europa verskil het, het ongetwyfeld tot die vervlakking bygedra.

Die werkwinkel van die silwersmede was aanvanklik in die Oranje-bastion van die Kasteel. Na die instelling van vryburgers het elkeen grotendeels by sy eie huis gewerk, maar eers in 1826 was L. Twentyman die eerste wat 'n vertoonvenster gehad het. Uit voorraadlyste blyk watter gereedskap gebruik is en watter werkmodes voorkeur geniet het. Deur die jare het hierin min verandering gekom.

As die ekonomiese omstandighede sleg was, het menige silwersmid ook ander werk verrig. Hul lewe was nie altyd ewe maklik nie. Tog blyk dit dat hulle meestal welgestel en in hoë aansien was en 'n groot kulturele bydrae tot die samelewing gelewer het.

Anders as vandag was dit vroeër die gebruik dat die besteller van 'n voorwerp ook die benodigde materiaal lewer. Daar was in dié dae geen silwer aan die Kaap nie, eers in die tweede helfte van die 19de eeu is silwer in Suid-Afrika ontdek. Die toevlug moes dus geneem word tot die omsmelt van bestaande voorwerpe, soos silwer munte, waarvan daar gelukkig baie in omloop was. Welz wys daarop dat die sogenaamde swak kleureienskappe van Kaapse silwer, in werklikheid op alle koloniale silwer van toepassing is en eerder aan ruwe behandeling as swak materiaal toegeskryf moet word.

Die Kaapse silwersmede het 'n wye verskeidenheid voorwerpe vervaardig. Aan die einde van die 18de eeu is blykbaar meer gespes en knope as groter stukke gemaak. Omstreeks 1830 was dit al goedkoper om die groot diep voorwerpe in te voer as om plaaslik 'n bestelling te plaas. Nog later het die fabrieksprodukte van Sheffield 'n gedugte mededinging geword.

Die skrywer bespreek die afsonderlike voorwerpe en vermeld die gebruike daarvan. Hy onderskei drie periodes: van die begin tot 1795, met sterk Hollandse invloed; 1795 tot 1830, toe vreemde style en

namaaksels hul verskyning gemaak het; 1830 tot 1900, toe die Engelse invloed oorheers het. Die Kaapse klimaat het wel die boukuns sterk beïnvloed, maar nie die kuns van die silwersmede nie. Style was gewoonlik later as in Europa. Dit is egter uiters moeilik om 'n juiste datum vas te stel. Daar word 180 merke bespreek, maar kleiner artikels is oorsee nooit gemerk nie en dit kan vandag baie verwarring veroorsaak. Daar is 'n lys van silwersmede met 'n lewensoorisig van elk. Moontlik was party van hulle net verkopers en het nooit self enige silwervoorwerp gemaak nie. Welz wys nadruklik daarop dat by beoordeling van 'n Kaapse silwervoorwerp alle aspekte in aanmerking geneem behoort te word, maar dat dit selfs dan uiters moeilik is om tot 'n onomstootlike slotsom te kom.

Die boek bied vir die eerste keer 'n grondige en wye oorsig van alles wat bekend is oor die omstandighede en sosiale toestande waaronder die Kaapse silwersmede gewerk het, en plaas die verhouding tussen die plaaslike en invoerprodukt in perspektief. Onjuisthede uit vroeër publikasies is reggestel. Die illustrasies is baie aantreklik, daar is 'n herdruk van die Ordonnansie van 1715 van De Chavonnes, 'n bibliografie en 'n goeie indeks. Dit is die beste en volledigste geskiedenis van Kaapse silwer wat nog verskyn het.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

LESLEY & STEPHEN TOWNSEND, *Bokaap Faces and Facades*. H.B. Timmins, Cape Town, 1977, + 142 pp., illus., R11,50.

Op die eerste gesig maak hierdie boek die indruk van nog maar 'n plaaslike fotoboek te wees met 'n teks wat niemand lees nie. Presies die teengestelde is die geval. In haar voorwoord verduidelik Mary Alexander Cook dat ons te doen het met 'n studie deur twee jong argitekte oor die bewaring en restaurasie van die bietjie wat nog van die Maleise buurt in Kaapstad oorgebly het. In sy tyd was dit 'n pragtige besienswaardigheid wat nêrens anders in hierdie vorm voorgekom het nie. Vandag is min oor, waarskynlik as gevolg van tekort aan grond vir woonruimte en ligte industrie, maar ook omdat die skoonheid van die buurt nie betyds raakgesien is nie. Die Maleiers het self hul huise onderhou en reggemaak. Toe hulle elders heen getrek het, het die verval begin.

Die geskiedenis van die buurt, die bewoners en die boukuns word beskryf. Van die begin af was kwaliteit in die boukuns aan die Kaap 'n probleem: hout was skaars en duur, stene sleg en opgeleide werkkragte onbekombaar. Oorloë elders het telkens troepe en welvaart aan die Kaap gebring. Teen die einde van die 18de eeu het die stad begin uitbrei in die rigting buitekant Buitengracht op Leeukop: Bokaap. In die Onderkaap was bebouing moeilik, moontlik deurdat die kanonne van die Kasteel 'n onbelemmerde uitsig moes behou. Die huise in die Bokaap was smal en diep, dikwels met ommuurde stoepe, en die strate interessant.

Die skrywers gaan in op die oorsprong van die bewoners en op die vestiging van die Islam aan die Kaap. Boukuns is beïnvloed deur twee faktore: styl en beskikbare materiaal. Die Bokaapse huise is grotendeels tydens die eerste jare van die Britse besetting gebou, 'n periode waarin Engelse en Hollandse elemente gemeng het. Na 1840 was die boustyle aan die Kaap uitsluitend Kaaps-Brits. Die buurt het dus grotendeels ontstaan tydens 'n oorgangsperiode, wat juis die tipiese "eie" daaraan gegee het. Die skrywers bespreek die huisplanne, gewels, stoepe, vensters en deure, vloere en dakke, die gebruik van metaal, glasvensters en muurbedekkings.

Aan die hand van foto's word die twee belangrikste aspekte van die buurt vandag bekyk: die mense en die boukuns. Daar is uitstekend in geslaag om aan die juiste atmosfeer van die buurt uitdrukking te gee. Kykies op stoepe, agterplase, in strate en voetpaadjies, in stalle en op ou vervalle mure, maar ook op afgestoreerde huiserye, skaduwees op wit mure, 'n blik deur 'n venster buite toe; ook word die oog gelei na afgebrokkelde en vernielde dele, vervalle en verslete en besef mens hoeveel, dikwels heeltemal onnodig, vernietig is. Hardlopende en spelende kinders gee deurgaans 'n eie stemming aan 'n buurt. Ook hier is dit die geval: tussen oud en nuut beweeg die vrolikheid van die jeug.

Afgesien van die stemmingsvolle foto's, wat op sigself 'n genot bied, beklemtoon die boek die noodsaak van bewaring van argitektoniese skoonheid. Aan die einde word die verskillende aspekte van restaurasie opgesom en word dit benadruk dat die Maleise buurt in sy geheel behoort te herrys, pleks van afsonderlike huisies. Daar word aanbeveel dat die Maleiers gehelp moet word om na die buurt terug te keer, juis omdat hulle self vir die onderhoud daarvan sal sorg.

Die twee skrywers het pragtige werk gelewer.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

M. MISZEWSKI, *The Quality of Life*. David Philip, Cape Town, 1977, 128 pp., illus., R15,00.

Hierdie boek het tot stand gekom in samewerking met die Murray en Stewardgroep in Kaapstad en dit beoog om boukuns in Suid-Afrika te benader vanuit die standpunt van direkte lewenswaardes en benodigdhede.

Boukuns is meer as net 'n lewensgerief, dit behoort ook die lewe te veraangenaam. Ongelukkig word die geweldige invloed wat boukuns op die daaglikse lewe uitoefen, nie altyd voldoende besef nie.

In die primitiewe samelewing bou die individu eiehandig sy woning en weet hy presies wat hy nodig het. In teenstelling hiermee veg die moderne stedeling daaglik vir vryheid en regte, 'n aanpasbare omgewing word hom dikwels ontsê en hy gaan gebuk onder massas regulasies en grootskeepse produksie. Die moderne tyd soek vryheid, maar leef in kluisters.

Die skrywer soek na daardie besondere eienskappe in die Suid-Afrikaanse boukuns wat die moderne lewe ten goede kom en wat die mens sowel beskerming verskaf as die geleentheid bied om werklik 'n eie tuiste te kan hê. Teenoor die vrye Boesman is die Bantoe meer gebonde deur die landbou. Albei bou met materiaal wat in die onmiddellike omgewing beskikbaar is. Ook vissers aan die kus doen dit. Die vroegste setlaars gebruik daarenteen 'n Europese styl, wat by plaaslike omstandighede aangepas is. Hulle laat egter ander vir hulle bou.

Handel en nywerheid laat dorpe en stede ontstaan en as gevolg van brandgevaar verdwyn die grasdakke. Die Maleise buurt ontstaan vol variasie met ommuurde stoepe wat privaetheid verskaf. By latere goedkoop massawonings ontstaan die gevaar dat sekere foute oneindig herhaal word en hulle dwing mense in 'n vasgestelde lewensvorm. 'n Enkele huistipe in 'n omgewing hoef nie noodwendig eentonigheid te veroorsaak nie, maar kan oordeelkundig gevarieer word. Slegs die huis wat 'n eienaar self laat bou, gee uitdrukking aan wat hy soek en hoe hy sy eie omgewing kontroleer. Maar die koste hiervan is hoog.

Om werklik tot sy reg te kom, het 'n toringgebou in die middestad baie ruimte nodig, wat aangekleed kan word met tuine en rusplekke. Daar is die merkwaardige kringloop van die vroeë oop mark wat plek inruim vir die winkel. Dan kom die hoofstraat met winkels. In ons eeu verskyn die winkelsentrum en die hipermark, waarby alles weer saamgebring is onder een dak.

In die laaste hoofstuk word verwys na Matt. 5:3-11, waarin vier faktore met betrekking tot die boukuns genoem word: onafhanklikheid van materiaal, geregtigheid deur die juiste gebruik van materiaal, suiwerheid, wat onnodige eensydigheid en die oorbodige vermy, en vrede en rus, wat die geestesgesteldheid van die mens gunstig beïnvloed.

Aan die hand van uitings deur vooraanstaande argitekte en skrywers en die gebruik van besonder geslaagde foto's, deels in kleur, slaag die skrywer daarin om die leser by die geestelike probleme te bring wat in die moderne boukuns ter sprake is. Die argumente is duidelik uiteengesit. Dit is 'n uitstekende boek, mooi uitgegee, wat 'n mens dwing om diep oor die moderne tyd en sy boukuns na te dink.

F.G.E NILANT
Universiteit van Pretoria

C. PAMA, *Bowler's Cape Town*. Tafelberg, Cape Town, 1977, xii+132 pp., illus., R21,00.

Toe koningin Victoria in Junie 1837 die troon bestyg het, was Bowler 24 jaar oud en reeds drie jaar aan die Kaap. Die eerste goewerneur onder die bewind van die nuwe koningin was sir George Grey. Sy aansien, en dié van sy amptenaar, sou nie bepaal word deur wat hy in die stad doen nie, maar deur die oplossing wat hy vir die probleme aan die Oosgrens, met sy gedurige oorlogsgewoel, kon vind. Na vrylating van die slawe het o.a. die wynhandel aan die Kaap baie agteruit gegaan en moes die nuwe goewerneur besuinig. Parlementêre verteenwoordiging is toegestaan en munisipale rade is ingestel. Kaapstad het 'n aantal eerbiedwaardige figure onder sy vroegste raadslede gehad. Dit was nog maar 'n klein stad van omtrent 20 000 inwoners, van wie bietjie meer as die helfte Europeane was.

Dr. Pama het nie die lewe van Bowler beskryf met Kaapstad op die agtergrond nie. Ewemin het hy 'n geskiedenis van Kaapstad saamgestel met Bowler as 'n onderdeel daarvan - hy het die twee tot 'n eenheid vermeng. Bowler het die Kaap uitgebeeld soos dit teen die helfte van die vorige eeu was. Niemand voor hom het dit so oorvloedig gedoen nie en niemand na hom sou hom ooit oortref nie. Omstandighede was gunstig. Voor 1837 het Engelse invloed sekere aspekte van die kuns verander, en dit het begin deurwerk. Gevolglik was Bowler in die geleentheid om juis dit tot stand te bring wat hy vir homself as doel gestel het. Voor sy tyd sou dit onmoontlik gewees het.

Kaapstad was 'n mooi stad met 'n aantal aantreklikhede: Tafelberg, die Suid-Afrikaanse Museum, en die Suid-Afrikaanse Biblioteek, wat die eerste openbare biblioteek in die wêreld was. Daar was sport en

ander afleiding. Die botaniese tuin het baie besoekers getrek. Daar is hawegeriewe, 'n pier en 'n vuurtoring gebou. 'n Gereelde bootdiens het Engeland en Amerika met die Kaap verbind en dit het 'n geweldige kulturele invloed uitgeoefen. Plaaslike posverbinding is ingestel en paaie is verbeter. Brand- en lewensversekering is ingestel en daar is begin met die aanleg van water en lig.

'n Aantal interessante historiese gebeurtenisse het plaasgevind. Daar was die koms van Harry Smith, wat in 1847 met groot entoesiasme ontvang is, die anti-bandiete-agitasie, die besoek van prins Alfred in 1860 en die verskyning van die Alabama, wat die Kaap wakker geskud het oor die werklikheid van die Amerikaanse burgeroorlog.

Dit alles is deur Bowler weergegee, asook die bewoners van die Kaap, die modes, die stad self. Veral met sy bekende litografiese stadsgesigte het Bowler veel vasgelê wat vandag lankal verdwyn het. Toe Bowler in 1869 sterf, was Kaapstad in 'n oorgangstydperk. Die Suezkanaal was reeds geopen en die stad het verloor aan betekenis as herberg van die oseane. Diamante en goud, wat die bedrywighede nuwe lewe sou inblaas, was nog nie ontdek nie.

Die boek is 'n goudmyn van inligting, pragtig toegelig met illustrasies na werke van Bowler. Dit sluit aan by die twee ander boeke van dr. Pama oor Kaapstad : *Vintage Cape Town* en *Regency Cape Town*. Daar is 'n uitgebreide bibliografie en 'n indeks. Dit is 'n waardevolle boek, mooi geïllustreer en pragtig uitgegee, 'n juweel vir die boekrak.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

MARIELISE BOTHA, *Herkoms van die Kaapse stoele*. A.A. Balkema, Kaapstad, 1977, viii+88 pp., illus., R12,50.

Belangstelling in die toegepaste kuns uit vroeër eeue aan die Kaap het in die afgelope jare sterk toegeneem. Dit kom tot uiting in hoër pryse op veilings en 'n toenemende aantal boeke en tydskrifartikels oor die verskillende onderwerpe. Oor die Kaapse meubelkuns het 'n aantal goeie algemene werke verskyn waarin aandag gegee word aan die verskillende style, die plattelandse meubels en die uiteenlopende tipes.

Dit ly geen twyfel nie dat die stoel 'n belangrike Kaapse meubelstuk was. Na aanleiding van 'n uitstalling in Stellenbosch agt jaar gelede het 'n uitvoerige katalogus oor die Kaapse stoel verskyn, maar hierdie boek deur mev. Botha is die eerste behoorlike studie wat van 'n afsonderlike Kaapse meubelstuk gemaak is. Dit strek oor 'n periode van die laat 17de tot vroeg 19de eeu en daar word diep ingegaan op die geskiedenis en ontwikkeling van die stoel aan die Kaap.

Die onderwerp is breed benader. Die oorsprong van die verskillende ontwerpe is nagespoor, die invloed uit die Ooste en die verskillende style in die Weste. Dit blyk dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen die ontwikkeling van die stoel aan die Kaap en elders. Sover moontlik is die stoele volgens vorm en tyd ingedeel. Geeneen van die stoele is ooit gedateer nie en die skryfster besef dat daar hieroor min sekerheid bestaan. Nogtans is 'n poging aangewend om orde in die chaos te skep. Dis ook duidelik dat die persoonlike invloed van meubelmakers, tiperende streekvariasies e.a. verskynsels nie net op stoele van toepassing was nie, maar ook by ander meubelsoorte.

Die skryfster gee 'n algemene agtergrond van stoele in Frankryk, Holland en Engeland, en die opeenvolgende verskynsels word noukeurig by die Kaapse stoele aangedui. Dis opvallend hoeveel soorte stoele daar eintlik is en hoe plaaslike omstandighede die aantal nog aansienlik laat uitbrei het. In teenstelling met die boukuns was Engelse invloed reeds taamlik vroeg by style van Kaapse stoele merkbaar. Ook Franse invloed is duidelik aanwysbaar. Elke stoeltipe is toegelig met 'n skets, gevolglik kan die verskillende onderdele van die tipe wat onder bespreking is, onmiddellik herken word. Toenemende rykdom in die 18de eeu by party lae van die bevolking het sterk invloed op die stoele gehad, nogtans was daar 'n groter neiging tot eenvoud as wat in meeste Wes-Europese lande die geval was. Die ontwikkeling van die verskillende style is stap vir stap nagegaan. Met die oog op gelyktydige koloniale meubelontwikkeling in Amerika kon moontlik meer inligting oor die gebruikte houtsoorte verskaf word.

Die skryfster is 'n voorstander van stylkamers in 'n museum, omdat hulle die juiste omgewing verskaf waarin 'n meubelstuk tot sy reg kan kom. Die boek bevat 'n goeie termelys, waarby nadruklik gestrewe is na 'n verantwoordige uitbreiding van terminologie in Afrikaans. Daar is 'n uitstekende bibliografie en indeks. Dit moet toegejuig word dat iemand uiteindelik die moeite gedoen het om die besonderhede in verband met een afsonderlike meubeltipe aan die Kaap na te gaan. Laat ons hoop dat hierdie goeie voorbeeld navolging sal vind en dat ook op ander meubelsoorte dieper ingegaan sal word. Die boek moet

aanbeveel word vir enigeen wat belangstel in Kaapse antieke meubels, Kaapse kultuurgeskiedenis en oudhede in die algemeen. Dis die enigste grondige gids oor die onderwerp wat beskikbaar is.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

A.H. SMITH, *Treasures of the Africana Museum*. Purnell, Cape Town & Johannesburg, 1977, 80 pp., illus., R15,00.

Africana omvat alles wat verband hou met Suidelike Afrika, maar met die nadruk op sosiale geskiedenis. Lewendige diere en plante val nie onder die begrip nie. Suidelike Afrika is groot en strek nie net van die Kaap tot die Zambezi nie, maar omvat ook St. Helena, Madagaskar en Tristan da Cunha.

Die Africanamuseum het sy ontstaan te danke aan dr. J.G. Gibbons wat in die vorige eeu begin het met die versamel van handskrifte en boeke oor Suidelike Afrika. Nadat die grafsteen van Jane Wilson, vrou van 'n Amerikaanse sendeling en die eerste blanke vrou wat in die Transvaal gesterf het, in sy besit gekom het, het dr. Gibbons sy belangstelling oor 'n wyer gebied as net boeke laat gaan. Die Africanamuseum, wat met die skenking van dr. Gibbons se versameling tot stand gekom het, is vandag die grootste in sy soort ter wêreld. Dit omvat rotskuns en argeologiese voorwerpe, skilderye en grafiese kuns, Kaapse silwer en meubels, medaljes, munte en posseëls, glas, vervoermiddele, enigiets met betrekking tot Johannesburg, kleding, 'n volkekundige afdeling, drukwerk, en wat nie al nie. Die voorwerpe is nie in die eerste plek bymekaargebring om hul skoonheid nie, maar om hul intrinsieke verband met Suidelike Afrika. Baie van hulle is egter skoon.

Tekort aan ruimte is die oorsaak dat slegs 'n baie klein deel van die versameling uitgestal word. Die res word deur middel van klein uitstallings, wat telkens afgewissel word, in die inganglokaal van die Johannesburgse Openbare Biblioteekgebou aan die publiek ten toon gestel. Op sigself dra hierdie uitstallings natuurlik baie daartoe by om die publiek oor die museum in te lig en belangstelling daarvoor op te wek.

Vanselfsprekend is 'n museum van hierdie aard ook afhanklik van skenkings. Heelwat voorwerpe, wat vir die museum van die grootste belang sou wees, is nog in die besit van privaat versamelaars. Baie van hulle is egter bereid om hul besit in sy geheel of gedeeltelik aan die museum te skenk of anders in langdurige bruikleen te gee.

Skilderye en grafiese werke is natuurlik by uitstek die middel vir uitbeelding van die verlede. Op hierdie gebied besit die museum 'n indrukwekkende versameling en dit lyk of daar in die toekoms nog baie toegevoeg gaan word.

Die publiek is nie sterk bewus daarvan dat die Africanamuseum 'n aantal baie belangrike onderafdelings behartig nie. Naby die Johannesburgse dieretuin is die Bernbergmuseum vir kleding en modes. Die versameling omvat 'n hele aantal vertoonkamers wat die kledingstukke teen hul eie agtergrond plaas. Die vervoermuseum is in die Jamessaal in suidelike Johannesburg. Hier sien ons rytuie en koetse, die eerste motorkar in Johannesburg, trems, brandweerwaens, stoomrollers en enigiets wat met vervoer te doen gehad het. Die Bensusanmuseum vir fotografie omvat van die vroegste fototoestelle, ou foto's, ou fotografiese materiaal. Die museum vir rotskuns in die dieretuin is saamgestel met behulp van die S.A. Argeologiese Vereniging.

Die boek bied 'n skets van die direkteur van die museum en noem 'n aantal stadsraadlede wat hulle in die besonder vir die museum beywer het. Die museum besit 'n uitstekende indeks op sy besit, wat vir studiedoeleindes onmisbaar is.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

D. BAX, *Het oudste Kaapse silwer, 1669-1751*. Amsterdam, 1974, 208 pp., illus., R22,00.

In die aankondiging van bogenoemde boek in *Historia* (jg. 22, nr. 1, p. 67) kom 'n steurende feitfout voor. Daar word gesê: "Van die silwersmede se werk voor 1700 het geen voorbeeld bewaar gebly nie." Prof. Bax behandel juis, met uitvoerige dokumentasie, die oudste Kaapse silwerwerk wat tot nog toe opgespoor is, nl. die twee silwernagmaalbekers van 1669. Hulle is gemaak deur die silwersmid Daniël Egt as deel van 'n nagmaalservies wat bestaan het uit 'twee bekers, 2 tafelborden, 1 schotel en 2 kommen". Dit het geskied in opdrag van die kerkraad van Kaapstad, wat as materiaal aan "daniel de silversmit" 'n honderd silwerriksdaalders gegee het (waarvan hy nog 'n smeltres van 26 lood kon teruggee) en hom 18 gulden betaal het vir sy werk (N.G. Kerkargief, Kaapstad: Rekening van de armengelden 1669, 23 September en 16 Oktober). Die bekers word in die Groote Kerk bewaar en kan daar besigtig word.

Verder word aangetoon dat 'n silwermedalje in die S.A. Kultuurhistoriese Museum in Kaapstad, 'n huwelikspenning is wat in 1685 aan die Kaap gemaak is vir die huwelik van Coenraad Visser en Catherina Everts.

Ander tot dusver onbekende stukke Kaapse silwer van vóór 1751 wat deur die skrywer opgespoor kon word, is: een doopbak, drie inkstelle, twee suikerbakkies, sewe borde, 'n lepel, twee teebussies en 'n klokkie.

M.A. BAX-BOTHA

GERHARDT JOOSTE, *Diensherinnering*. Perskor, Johannesburg, 1977, 215 pp., R7,95.

Die skrywer het 'n lang loopbaan as staatsamptenaar en beroepsdiplomaat agter die rug sedert hy hom in 1924 by die staatsdiens aangesluit het. Hy het Suid-Afrikaanse en wêreldgebeure oor 'n lang tydperk van naby betrag, dog kom met weinig nuwe kennis vorendag. As privaatsekretaris van min. N.C. Havenga (1929-34), en ook in noue voeling met genl. J.B.M. Hertzog, sou daar verwag kon word dat hy iets nuuts sou aanbied oor die koalisie en samesmelting van 1933-34, maar dit ontbreek. Hy verstrek slegs enkele persoonlike indrukke, want die "feite is ... goed bekend". Hy sou 'n bydrae gelewer het as hy die volgende vraag probeer beantwoord het: Was samesmelting in 1934 vir genl. Hertzog die logiese voleinding van sy tweestroombeleid, of was dit 'n geval van politieke dienstigheid?

Mnr. Jooste se relaas van sy verblyf as diplomaat in België, België se rol in die Tweede Wêreldoorlog, die bombardering van Londen, die oogmerke en funksie van die VVO, is van belang in soverre dit die ervaringe en sieninge van 'n Suid-Afrikaner - in Afrikaans opgeteken - verteenwoordig. Feitlik bied dit niks nuuts nie.

In sy hoofstukke oor sy rol as Suid-Afrika se permanente verteenwoordiger by die VVO en ambassadeur in Washington (1949-54) en as Hoë Kommissaris in Londen (1954-56) lig hy so effens die sluier oor die stryd wat agter die skerms om die eer van Suid-Afrika gevoer is. Van min. Eric Louw se optrede in die VVO sê hy wat reeds gesê is, naamlik dat hy te aggressief was, en verstrek hy die volgende woorde van 'n anonieme persoon: "If your Eric Louw had to read the New York telephone directory from the rostrum it would sound to his opponents as 'n (sic) personal insult directed at each one of them" (p.157).

Hy voer aan dat Suid-Afrika en sy verteenwoordigers, ten spyte van die toenemende aanvalle, steeds gerespekteer is. Daarom was hy "verbaas én geskok" toe hy op 'n dag in New York "in 'n Afrikaanse koerant lees dat Suid-Afrika as 'n 'muishond' onder die nasies beskou word"....., want dit het "ons vyande van 'n etiket vir gebruik teen ons voorsien" (p.134). Hy noem nie die koerant se naam nie. (Dit was prof. Piet Cilliié wat, in sy hoedanigheid as redakteur, op 7 April 1960 in 'n hoofartikel in *Die Burger* gewaarsku het dat as Suid-Afrika nie sy binnelandse beleid aanvaarbaarder vir sy buitelandse vriende maak nie, "moet ons uitsien na 'n permanente status as die wêreld se muishond...")

As Sekretaris van Buitelandse Sake, 'n pos waarin hy in 1956 aangestel is, het hy nou met dr. H.F. Verwoerd saamgewerk. Dié som hy, na aanleiding van 'n "warm" gesprek tussen hulle, so op: "Dit was dr. Verwoerd. Hy *was* in sekere opsigte 'n diktator, maar sover my ondervinding van hom gestrek het, altyd bereid om na 'n ander te luister en sy mening in ag te neem" (p.187). Van die Britse premier, Harold Macmillan, sê hy dat dié met sy besoek aan Suid-Afrika in amptelike en private gesprekke met dr. Verwoerd 'n uiteensetting van Brittanje se siening van sake gegee het "as 'n inleiding tot sy 'Winde van verandering'-toespraak" (p.190). Dit laat 'n mens glo, hoewel die skrywer dit nie sê nie, dat dr. Verwoerd tog nie so onvoorbereid was op die toespraak wat Macmillan net daarna in die Parlementsgebou afgesteek het nie.

Die boek is gemaklik geskryf, maar die herhaal van die woord "gebeurde", meestal verkeerd gebruik, is hinderlik. As historiese bron het die boek nie besondere verdienste nie.

A.J. VAN WYK
Universiteit van Pretoria

F.W. STRYDOM, *Die Swart Verskrikking, Die verhaal van Tsjaka en sy Volk van die Hemele*. Johannesburg, 1977, 125 pp., illus., R5,50.

Met die eerste aanblik wil 'n mens glo dat hierdie boek met die satanskuns te make het. Dit spreek uit die vreesaanjaende swart-grys gesig met die rooi oë en grynsende mond op die stofblad en die ewe rooi titel daaronder. Selfs die subtitel is nie juis ophelderend nie. Eers by die lees van die stofbladbijlet en die

inhoudsopgawe kom die leser tot die besef dat dit hier om die verhaal van Shaka en die Zoeloevolk gaan - en dan stoot die aakligheid van die stofomslag jou eers af.

Die stofbladbiljet wil dat dit 'n "biografie van die groot swart tiran" Shaka is, dog die verhaal beantwoord allermins aan die hoë vereistes van 'n biografie, want die geskiedenis van verskeie ander eietydse swart leiers word daarby betrek en neem die soeklig dermate van Shaka af weg dat daar weinig eenheidsbou is. In dieselfde asem as die voormelde word die leser meegedeel dat die verhaal "deurgaans van deeglike navorsing" getuig. Blaai 'n mens egter na die bronnelys agterin, vind jy dat slegs 12 sekondêre bronne geraadpleeg is, waaronder net enkele spesifiek oor Shaka handel. 'n Groot deel van die verhaal staan in verband met die verskrikking wat Shaka onder die swart volke veroorsaak het, die *Difaqane*, dog die gesaghebbende werk hieroor, J.D. Omer-Cooper, *The Zulu Aftermath*, is nie geraadpleeg nie.

Die skrywer gee in 'n kort uiteensetting onder "Zulu-uitspraak" (pp. 122-3) en "Woordelys" (p. 124) blyke van 'n kennis van die Zoeloetaal. Miskien het hy op grond van sy kennis 'n saak uit te maak vir sy gebruik van "Zulu" en "Tsjaka", pleks van die meer algemene spelling *Zoeloe* en *Shaka*, maar sekerlik nie vir Imfolōzi (kaart, p.23), Mfolōzi (p. 24) en Umfolōzi (pp. 32, 120-1) nie. *Mfolozi* is die vorm wat deur die drie Natalse gesaghebbendes. T.J.R. Botha (*Watername in Natal*), Trevor Cope (*Izibongo. Zulu Praise-Poems*) en Don Stayt (*Where on Earth? A Guide to Place Names of Natal and Zululand*), gebruik word, dog hul werke is nie geraadpleeg nie. Die spelling Butelēzi kom vreemd voor teenoor *Buthelezi* soos deur gemelde gesaghebbendes gebruik en soos hoofminister Gatsha Buthelezi, wat uit die Buthelezistam kom, sy van spel. Verskeie soortgelyke voorbeelde kan aangehaal word, asook spel- en seftoute: ver(t)inneweer (Inhoud), ses en tag(t)ig (p. 102), beet)gepak (p. 103) en deurgeha(a)k (p. 112).

Dit is foutief deur te beweer dat daar geen pryslied ter ere van Zulu, grondlegger van die Zoeloevolk, bestaan nie. Cope (pp. 178-181), haal 'n pryslied van 38 reëls in Zoeloe en Engels aan. Cethwayo is nie na Robbeneiland verban (p. 120) nie, maar na Kaapstad, en hy is deur Dinuzulu opgevolg, nie Dinizulu nie. Laasgenoemde is nie na "die Bambata-rebellie in 1906 ... na Transvaal verban" (p. 120) nie, maar is aan die einde van die Bhambadarebellie en na 'n langdurige verhoor in 1909 tot tronkstraf in Natal gevonniss. Genl. Louis Botha, 'n jeugvriend, het hom in 1910 oor Dinuzulu ontferm en die plaas Uitkyk tussen Witbank en Middelburg in Transvaal tot sy beskikking gestel, waar hy een van die weinige rustige tydperke in sy lewe deurgebring en in 1913 beswyk het (A.J. van Wyk, *Dinuzulu en die Usutu-opstand van 1888*, MA-verhandeling, UOVS, 1971, p. 272).

'n Mens vra jousef af waarom hierdie boek geskryf is, en al moontlike antwoord is dat die oogmerk was om iets oor die Zoeloes in Afrikaans te publiseer. Wat aangebied is, is egter veel-veel swakker as wat reeds in Engels gelewer is, dit reik na die sensasionele en laat nie reg geskied aan die dramatiese verhaal van Shaka en die Zoeloevolk nie. Dit is 'n prul.

A.J. VAN WYK
Universiteit van Pretoria

PHILIP BATEMAN, *Generals of the Anglo-Boer War*. Purnell, Cape Town, etc., 1977, 131 pp., illus., bibliography, index, R7,50.

'n Bibliografie van Engelse amateurhistorici oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis die afgelope 50 jaar sal nie onaansienlik wees nie. Eric Rosenthal, T.V. Bulpin en A.P. Cartwright is in die wêreld van die geskrewe geskiedeniswoord bekender as vele wetenskaplik opgeleide historici. Dit kan ook nie anders nie, want dit is by uitstek die amateur wat die geskiedenis leesbaar en genotvol vir die algemene publiek maak. Terwyl die wetenskaplike hom nog bekwel oor die vraag of die Voortrekkerwa links of regs om die doringboom getrek het, aanvaar die amateur dat die wa wel by die boom verby is en laat hy die wiele voortrol. Dit is immers waarom dit gaan : die vertel van 'n verhaal.

Daar is al met 'n toon van bitterheid opgemerk dat die amateur die room van die geskiedenis afskep, en dit is waar; maar solank die historici die room onafgeskei laat, so lank sal die amateur dit afskep. Dit is nie slegs sy reg nie, maar ook sy plig as liefhebber van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Aan die amateurs moet 'n dankwoord gebring word dat hulle die SA toneel, of aspekte daarvan, onder die openbare oog hou, en dit op 'n lewendige wyse doen, soos Philip Bateman pas weer met sy bg. boek. Dit is geen nuwe verhaal, nuwe gesigspunt of nuwe vertolking nie - tog is dit nuut in dié opsig dat dit twaalf van die vernaamste aanvoeders aan Boere- en Engelse kant teen die oorlogsgatgergrond plaas.

Die boek begin met 'n inleidende hoofstuk van 40 pp. oor die aanloop tot die oorlog en word gevolg deur kort sketse oor 'n dosyn generaals. Dit kan bevraagteken word waarom genl. Smuts eerste aan die beurt kom. Die skrywer het hom in sy keuse blykbaar laat lei deur Smuts se latere rol in die twee wêreldoorloë, en daardeur Smuts se militêre aansien in die Boerestryd buitensporig verhoog.

Andere wat aandag kry, is Buller, Cronjé, de Villebois-Mareuil, French, De la Rey, Baden-Powell, Hertzog, Botha, Roberts, De Wet en Kitchener. Ook in dié geval is daar kritiek in te bring teen die

volgorde waarin hulle behandel word, maar aan wat oor elk gesê word, doen dit nie afbreuk nie. In 'n neutedop word die lewensverhaal van elk saamgevat, met klem op sy rol in die oorlog. Dit is gegrond op omvattende leeswerk van sekondêre bronne en elke regstreekse aanhaling is verantwoord. Plek-plek word die teks met 'n voetnoot toegelig.

'n Voorvereiste vir so 'n boek is dat dit aantreklik uitgegee moet word, en dit het die uitgewer gedoen. Dit is 'n hardeblad met 'n pragtige glansomslag, in 'n groter as normale lettertipe op amper-glanspapier geset en met 'n groot verskeidenheid foto's en illustrasies opgeluister. Dit is 'n boek waarvoor skrywer en uitgewer 'n pluimpie verdien.

A.J. VAN WYK
Universiteit van Pretoria

E.P. MATHERS, *Zambesia - England's El Dorado in South Africa*. Rhodesiana Reprint Library Silver Series, vol. 18, Bulawayo, 1977, 480 pp., R19,40 (een-derde afslag vir boekklubdele).

Op 'n tydstop dat Brittanje bereid is om Rhodesië af te skryf, voorsien hierdie werk wat oorspronklik in 1891 gepubliseer is, 'n boeiende studie in veranderende gesindhede. As 'n joernalistieke *tour de force* weerspieël dit Britse en Suid-Afrikaanse verwagtinge ten opsigte van Zambesia (Rhodesië) in die tydperk vóór 1893. Daar is 'n grenselose optimisme wat destyds heelwat bygedra het om beleggings in Rhodesië en die goudsoekery van die British South Africa Company aan te moedig.

Prof. R.S. Roberts, hoof van die departement geskiedenis aan die Universiteit van Rhodesië, het 'n gesaghebbende voorwoord tot die herdruk geskryf wat van 'n pragtige stofomslag voorsien is - 'n reproduksie van 'n skildery van die Zambezirivier deur Thomas Baines.

Vorige nommers in hierdie verdienstelike reeks sluit o.m. in *Rhodesia Past and Present* van S.J. du Toit wat in 1895 onder die titel *Sambesia of Salomo's Goudmijnen Bezocht* verskyn het. Du Toit se ekspedisie na Rhodesië het in Julie 1894 begin. Dit wil voorkom asof hy die "Paarl Matabele Sindikaat" verteenwoordig het wat belange in goudkleins en landbougrond in Rhodesië gehad het. Die doel van sy reeks eerstehandse "waarnemersketse" was om oor die vordering in Rhodesië - toe slegs vyf jaar oud - aan die Suid-Afrikaanse publiek verslag te doen. Du Toit was 'n noukeurige waarnemer - niks het sy aandag ontsnap nie en sy opmerkings in verband met landbouaangeleenthede, die flora en fauna, die vroeë Afrikaanse nedersetters, Rhodesië se spoorweg- en telegrafiese verbindinge is verdienstelik en verbeeldingryk. Sy spekulasie ten opsigte van toekomstige ontwikkeling van die vervoerstelsel en die relatiewe belangrikheid van die Portugese en Suid-Afrikaanse hawens is ook betekenisvol.

Die veertiende nommer in die reeks herdrukke is *Cecil Rhodes: The Man and his Dream* wat 'n samevoeging is van twee vroeëre biografiese sketse, nl. *Cecil Rhodes by his Architect Herbert Baker* (1934) en *The Last Will and Testament of Cecil John Rhodes* (1902), wat toegelig word deur enkele hoofstukke uit die pen van W.T. Stead. Die herdruk bevat ook 30 bykomende foto's ter illustrasie.

Ander noemenswaardige aflewings is die herdruk van Carl Peters, legendariese Duitse ontdekkingsreisiger in Afrika, se *The Eldorado of the Ancients* wat oorspronklik in 1902 in Duits en Engels gepubliseer is. Die verhaal bestryk die tydperk 1896 tot 1902, hemel die eksotiese prag van Afrika op en spekulêr oor die oorsprong van Zimbabwe. Peters probeer o.a. bewys dat die Bybelse Ofir in die gebied tussen die laer Zambezi en die Limpopo gesoek moet word. Peters het homself graag gesien as 'n Duitse koloniale held wat in dieselfde asem as Livingstone, Stanley en Rhodes genoem kon word.

Adrian Darter se werk *The Pioneers of Mashonaland* is die 17de aflewering in die reeds herdrukke van Rhodesiana. Darter was een van die Suid-Afrikaners in die *Pioneer Column* en verwant aan die eenaars van Darter & Kie., die bekende musiekwinkel in Kaapstad. Hy was 'n uitstaande sportman wat krieket en rugby vir die Westelike Provinsie gespeel het. Hierdie werk bevat pensketse van die baanbrekers in Masjonaland. Dis 'n verhaal van doodgewone mense wat 'n bepalende rol in die oopstelling van Suider-Afrika gespeel het. Die boek bevat ook nagenoeg 36 uitstaande kontemporêre foto's wat tydens die trek van die *Pioneer Column* deur W.E. Fry geneem is.

Al bogenoemde werke is verdienstelike herdrukke van gesogte Africana en Rhodesiana wat teen baie billike pryse aan boekklubdele aangebied word. 'n Mens kan maar net vertrou dat die huidige politieke verwikkelinge in Rhodesië nie die reeks tot 'n vroeë einde sal bring nie en dat dit, soos sy voorganger, die Goue Reeks, tot 36 nommers sal groei.

A.P.J. VAN RENSBURG
Universiteit van Pretoria

R.L. COPE (ed.), *The Journals of the Rev. T.L. Hodgson*. Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1977, 434 pp., R12,00.

Hierdie publikasie verteenwoordig die tweede nommer in 'n reeks gebaseer op dokumente wat in die Historiese en Letterkundige afdeling van die Witwatersrandse Universiteitsbiblioteek gehuisves word. Die eerste aflewering, *Papers of John Mackenzie* (1975), word ook aan sendelingsdokumente ontleen.

Die redakteur van die onderhawige werk is dosent in die geskiedenis aan die Universiteit van die Witwatersrand en 'n gesaghebbende ten opsigte van die geskiedenis van die Zoeloe. Dit blyk duidelik uit sy meesterlike inleiding tot die geskrifte van Hodgson waarin heelwat nuwe gegewens en perspektiewe aangaande die Difaqane aan die lig kom.

Thomas Hodgson het 'n belangrike rol gespeel in die vestiging van die eerste Christelike sendingstasies noord van die Vaalrivier, veral onder die Tswana. Hy het tydens sy bedrywighede 'n noukeurige joernaal bygehou wat strek vanaf 15 Mei 1821 tot 25 Mei 1831. Dit bevat belangrike feite wat nie in Hodgson se gereelde verslae aan die hoofkwartier van die Metodistesendinggenootskap in Londen vermeld is nie.

Die belangrikste betekenis van Hodgson se joernaal is geleë in die lig wat dit werp op die lotgevalle van die Seleka-Rolong tydens die Difaqane. Maar dit verhelder ook die betrekkinge van die Seleka-Rolong met hul bure en die aktiwiteite van die vroeë sendelinge wat onder hulle werksaam was. Ten slotte bevat dit betekenisvolle waarnemings ten opsigte van die Griekwas, Kora(na) en die Blankes in die Kaapkolonie.

Soos prof. N. Garson tereg in die uitstekende en toepaslike voorwoord aandui, verwys Cope ongelukkig nie in sy andersins hoogstaande inleiding (32 pp) na die rol wat Hodgson se joernaal ten opsigte van die latere Groot Trek gespeel het nie. Prof. C.F.J. Muller se werk, *Die Oorsprong van die Groot Trek*, toon aan dat dié eerste sendelinge inderdaad meer as landoepmakers was - hulle het ook waardevolle inligting ten opsigte van toestande in die binneland versamel wat onder meer Thaba Nchu as eerste bymeakaarkomplek uitgewys het weens sy ligging as redelik digbevolkte sendingsentrum.

Cope verdien waardering vir die gesaghebbende wyse waarop hy die Joernaal geredigeer het. Hodgson het o.a. etlike bladsye in sy eie soort Nederlands probeer skryf wat die redakteur noukeurig in korrekte Engels moes vertaal. Die verduidelikende aantekeninge getuig van hoogstaande integriteit en toewyding gepaar aan 'n besondere akademiese ingesteldheid.

Vir die student van die vroeë of sg. "pre-koloniale" verlede van die Transvaal met sy mosaïek van volke is hierdie werk 'n onontbeerlike gids. Meer nog : dis 'n waardevolle bron ten opsigte van die uitwerking van die Difaqane op 'n enkele volksgroep. Die Instituut vir Afrika-studie aan die Universiteit van die Witwatersrand het hiermee met groot gesag sy toetrede tot die ontginning van Suider-Afrika se pre-koloniale verlede bevestig.

A.P.J. VAN RENSBURG
Universiteit van Pretoria

A.W. HODSON, *Trekking the Great Thirst - Sport and Travel in the Kalahari Desert*. Africana Reprint Library, Johannesburg, 1977, 359 pp., R20,25 (een-derde afslag vir boekklubdele).

Hierdie twaalfde aflewering in die reeks van herdrukke van gesogte Africana is oorspronklik in 1912 in Londen gepubliseer. Die outeur se pligte as geregsdienaar en landdros het hom tussen 1904 en 1910 dikwels na baie afgeleë gebiede in die eertydse Betsjoeanalandse Protektoraat gevoer en hom vertrouwd gemaak met die inwoners, hul lewenswyse en die geaardheid van onherbergsame streke.

Hodson se oorspronklike werk was gebaseer op joernalistieke bydraes wat hy aan populêre tydskrifte gelewer het. Daar kom heelwat jagervaring ter sprake en die sketse in hierdie verband herinner sterk aan beskrywinge van vroeëre bekende jagters soos Gordon Cumming (1850) en Kirby (1898). Hodson beskryf bv. met smaak die lotgevalle van 'n jagekspedisie wat hy vir lord Selborne, die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, gereël het. Dié ekspedisie het van Pandamatenga tot aan die Choberivier getrek.

Die werk is goed versorg en sal 'n wye leserskring vind, nie net onder historici en volkekundiges nie, maar ook onder jagters en natuurleefhebbers. Dis bepaald jammer dat hierdie verdienstelike reeks herdrukke weens swak belangstelling van die leserspubliek nou voorlopig gestaak moet word.

Ook die voorlaaste nommer in die reeks, *How We Escaped From Pretoria*, uit die pen van kap. Aylmer Haldane verdien vermelding. Dit beskryf die gevangeneeming van Haldane en Winston Churchill, latere Britse staatsman, deur die Boeremagte tydens die Anglo-Boereoorlog. Soos bekend, is hulle in die Staatmodelskool in Pretoria aangehou. Churchill het op 12 Desember 1899 ontsnap en twee maande later het ook Haldane hom uit die voete gemaak. Die grootste gedeelte van die werk word juis aan hierdie episodes gewy.

Dis 'n boeiende verhaal wat verhelder word deur 'n nuwe en skitterende voorwoord van James Ambrose Brown waarin Haldane en Churchill se verbintenis, hul lotgevalle tydens die oorlog en die gepaardgaande gevangeneeming deur die Boere nader toegelig word. As geheel is die werk 'n waardevolle toevoeging tot die bestaande literatuur oor die Anglo-Boereoorlog.

A.P.J. VAN RENSBURG
Universiteit van Pretoria

B.W. CLAPP (ed.), *England since 1760*. Documents in English Economic History, I. London, G. Bell & Sons, 1976, £16.

This new and comprehensive collection of documents on English economic history covers the period since 1760. The volume in the same series dealing with the period from the Norman Conquest to the Industrial Revolution has not yet appeared. This volume, published in 1976, is the first collection of documents on English economic history since 1915 when Bland, Brown and Tawney's *English economic history: select documents* appeared.

Bland, Brown and Tawney's work covers the period 1000-1846 and is therefore not able to give as much attention to the 1760-1846 section as is Clapp, with a coverage of only 200 years. Both collections subdivide their information into topics like agriculture, the poor and foreign trade; but this is where the similarity ends. There are a few documents which are common to both works but the Clapp collection contains far more comments on legislation and verbatim evidence of commissions in which the ordinary man is allowed to speak for himself.

Since the collection is brought up to date - the 1963 Buchanan report, for example, is included - it is easy to trace the evolution of a theme from 1760 to the present and to note, sometimes with amazement, the changing attitudes towards social or economic problems. Chapter 8, which deals with Poor Law and public health, reveals the cold, unsympathetic attitude of the upper and middle class commissioners towards the "out-door relief of the able bodied" in 1834. Their objective was to discourage the pauper from preferring relief to labour and in the parish of Cookham (Berkshire) the policy adopted was to put the unemployed to work at lower than usual wages and to exact a greater than usual amount of work so that "the parish is the hardest taskmaster and the worst paymaster he can find". How different is the attitude of the Beveridge plan for social security in 1942 where no fewer than eight different benefits are available, aiming at providing as a right "the minimum income needed for subsistence in normal cases". The 1942 view is that the unemployed worker has a just claim to assistance if he is ill or cannot find work, rather than that he is lazy and must be given the bare minimum, and then only if it is inescapable, lest he take advantage of their charity.

Section seven on the workman makes very interesting reading on the subject of child labour, hours of work and wages, conditions of employment and the gradual change from employer to employee orientated regulations until the Trades Union Congress is able to call the tune in the general strike of 1926. The introduction of income tax, the enclosures, factory acts and corn laws reveal the changing ideas on economic and social conditions.

One omission, in view of its social and economic importance, is that of the 1807 and 1833 slave trade and slavery laws in the British empire, although extracts dealing with the West African trade in 1766 and 1767 are included.

The compilers tell us that their collection is intended for students, sixth formers and their teachers, and it would certainly be an important addition to any university library. In South African schools, where English economic history receives little or no attention, the price of R29,80 would probably act as a deterrent. As a complement to the study of social history and economic thought this collection of documents is highly recommended.

J.B. BRAIN
University of Durban-Westville

Books of historical interest from the

WITWATERSRAND UNIVERSITY PRESS

The Journals of the Rev. T.L. Hodgson

R.L. COPE (ed). 1977. R16

Anthropology of Southern Africa in Periodicals to 1950

N.J. VAN WARMELO (compiler). 1977. R60 (plus packaging & postage)

Community of the Saved: an African Revivalist Church in the East Cape

A.A. DUBB. 1976. R7

The Papers of John Mackenzie

A.J. DACHS (ed). 1975. R8

Prehistory of the Transvaal: a Record of Human Activity

R. MASON. 1969 (repr.). R16

The Portuguese in South-East Africa 1600—1700

E. AXELSON. 1969 (repr.). R8.

Portugal and the Scramble for Africa 1875—1891

E. AXELSON. 1967. R8

The Cape Coloured People 1652—1937

J.S. MARAIS. 1968 (repr.). R8

Order from the WITWATERSRAND UNIVERSITY PRESS, 1 Jan Smuts Ave., Johannesburg 2001, or from your local bookseller.